Lydende en bedrywende vorm

Werkwoord = die aksie wat uitgevoer word (*verb*)
Onderwerp = mens of ding wat aksie uitvoer (*subject*)
Voorwerp = mens of ding waaraan dit gedoen word (*object*)

★ **In die bedrywende vorm (aktief) begin die sin gewoonlik met die onderwerp.**

★ **In die lydende vorm ruil die onderwerp en die voorwerp om en die vorm van die werkwoord verander.**

Voorbeeld:

Bedrywende vorm:

Die onderwyser help die leerder.

Lydende vorm:

Die leerder word deur die onderwyser gehelp.

★ **Leer die volgende formule om 'n sin in die lydende vorm te skryf:**

1. Soek die voorwerp (vra: onderwerp + werkwoord + WAT?)

   Die sin gaan in die lydende vorm met hierdie voorwerp begin.
   (**as daar geen voorwerp is nie, begin die sin met DAAR**)

2. Besluit of die sin in die teenwoordige, verlede of toekomende tyd is:
   (verander die vorm van die werkwoord)

   Teenwoordige tyd: **word (deur) + ge-**

   Die seun eet 'n sny koek. > Die sny koek word deur die seun geëet

   Verlede tyd: **is (deur) + ge-**

   Die seun het die sny koek geëet > Die sny koek is deur die seun geëet.

   Toekomende tyd: **sal (deur) + ge- + word**

   Die seun sal die sny koek eet. > Die sny koek sal deur die seun geëet word.

Let wel:	Werkwoorde wat begin met be-, ge-, her-, er-, ont- of ver- is uitsonderings en kry nie ge- nie (behalwe gebewe, gebedel)

3. Besluit of **deur** werklik nodig is in die sin.